

HOOFSTUK

4

Opsomming

Rol van Professionele liggame

- Induksie van nuwe lede van die rekeningkundige professie.
- Verseker dat die korrekte sillabus, eksamen en sertifisering in die professie plaasvind.

Beginnels van etiek wat van toepassing is op professionele liggame:

- Integriteit. Eerlikheid en 'n professionele ondernemingsverhouding.
- Objektiviteit. Onpartydig en vermy invloede deur andere.
- Professionele vaardigheid en nodige sorg. Pas professionele kennis toe as die audit uitgevoer word.
- Vertroulikheid. Die bevindings van 'n audit word nie met ander maatskappye of mense bespreek nie.
- Professionele gedrag. Voldoen aan wette en regulasies.

Dissiplinêre en strafmaatreëls vir nie-voldoening

- Waarskuwing of teregwyding van die lid
- Opskorting van die lid se lidmaatskap
- Skrap lid se naam van die lederol.

King Kode III

- Pas toe en verduidelik. Beste belang van maatskappy en verseker korporatiewe beginsels van regverdigheid, aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en deursigtigheid.
- Voldoening. Voldoen aan reëls en regulasies.
- Toepaslikheid. Van toepassing op alle maatskappye.
- Implikasies. Gebruik die raamwerk van die King Kode om die maatskappy se gedragskode op te stel.
- Leierskap. Etiese waardes van verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, regverdigheid en deursigtigheid om volhoubare ekonomiese, maatskaplike en omgewingsprestasies te verseker.
- Volhoubaarheid. Die omgewing moet in die daaglikse bedrywighede van die maatskappy in ag geneem word.
- Geïntegreerde verslagdoening. Finansiële verslagdoening met toekoms strategieë vir die groei van die maatskappy.

Direkteure van 'n maatskappy

- Lei deur etiese waardes van
 - Verantwoordelikheid. Beskerming van maatskappybates en finansiële inligting,
 - Aanspreeklikheid. Aanspreeklik aan die aandeelhouers rakende leiding en die aanbieding van die finansiële resultate.